

KOMMENTAAR VAN UK VAN DIE KONVOKASIE OP DISKUSSIEDOKUMENT [HERSIENE] TAALBELEID VAN DIE US OKTOBER 2007

1. Die hersiene taalbeleid verswak in bepaalde opsigte die posisie van Afrikaans.
 - Daar word weggedoen met 'n oorkoepelende taalplan, m.a.w. daar is geen vaste, duidelike en afdwingbare reëls meer oor wat mag en wat mag nie. Elke Verantwoordelikeheidsentrum (VS) besluit nou self wat die beleid sal wees en wanneer daar 'n hoof is wat geen Afrikaans ken nie, is dit duidelik dat Afrikaans aan die agterspeen sal suig. 'n Goeie voorbeeld is op die gesprek van 16 Oktober 2007 deur die dekaan van Natuurwetenskappe gegee toe hy gemeld het dat daar waarskynlik binnekort 'n aanstelling uit die buiteland in die fakulteit gemaak gaan word en daarom sal fakulteitsvergaderings daarna in Engels moet geskied.
 - Daar word in die nuwe beleid geen voorsiening gemaak vir taalvaardigheidsvereistes en -toetse nie. Toe daaroor op 16 Oktober navrae gedoen is, is geantwoord daar kom nog voorskrifte waarin dit uitgespel word. Met ander woorde daar is iets van 'n plan hoewel die beleid sê daar word weggedoen met 'n taalplan.
 - Sonder 'n strategiese implementeringsplan wat duidelike reëls en voorskrifte neerlê, kan die Raad geen behoorlike toesig oor die uitvoering van sy beleid hou nie. Die bestaande meganismes vir klagtes is heeltemal onvoldoende om die veel meer sensitiewe taalprobleme van studente te hanteer. Dit laat die vraag ontstaan waarom is die US bang vir 'n behoorlike moniteringstelsel? As jy niks het om weg te steek nie, kan jy 'n goeie moniteringstelsel hanteer.
 - Die huidige beleid het duidelike voorskrifte waaraan voldoen moet word om van die outomatiese A-opsie na die T-opsie oor te skakel. Dit is weliswaar nooit doeltreffend toegepas nie, maar dit was minstens daar. Dit word nou met vae omskrywings vervang waarin enigiets moontlik is. Net die argument dat 'n bepaalde dosent se huistaal Engels is al sou hy Afrikaans magtig wees is nie goed genoeg nie en nie voldoende om die beleid te verander sonder dat enige haan daarna kan kraai nie.
2. Die desentralisasie van beleid na VS'e toe, wat meer as net die nege fakulteite is, beteken daar is nou 'n groot aantal verskillende beleide wat die moontlikheid van voortdurende misverstande, deurlopende veranderinge en gereelde taalkonflikte soveel voudig verhoog. Dit word nou met die eufemisme integrerende beleid beskryf. Ons vind dit vreemd dat daar ontken word dat dit 'n beleid van desentralisasie is deur so daarna te verwys; dit is inderdaad 'n disintegrerende beleid. Dit versterk die vermoede dat die beleid nou nie deur die Raad nie maar deur die verskillende omgewings bepaal gaan word. Ons vind die logika van so 'n woordspel onverstaanbaar. Dit is 'n resep vir wanorde en chaos wat nie tot die voordeel van die studente se onderrig of die universiteit se beeld is nie. Stabiliteit, konsekwentheid, deursigtigheid, eerlikheid en absolute helderheid oor wat is wat is noodsaaklik. Op 'n vraag

van die SR se voorsitter oor wat hulle nou vir voornemende studente moet sê is die taal van die US, Afrikaans of Engels, is geantwoord dat dit 'n ongeldige vraag is want die US is nóg Afrikaans nóg Engels. Ons vind dit 'n ongelukkige standpunt. Taal is die mees basiese element van enige onderrig. Hoe hanteer jy 'n situasie waar die taalmedium voortdurend vlottend is en van een klas of omgewing na die ander kan verander en selfs binne dieselfde kursus voortdurend kan verander?

3. Nie een van die probleme met die T-opsie is aangespreek nie. Die sentrale probleem bly: hoe moet studente wat geen of weinig Afrikaans ken, veral swart studente, studeer in 'n omgewing waar 50% van die lesings in 'n taal is wat hulle nie behoorlik kan volg nie? Hoe word verseker dat by die vereiste 50/50 behandeling van Afrikaans en Engels gehou word? Enige hoof van 'n VS kan net sy oë sluit vir probleme. Studente moet hulle dan tot die Viserektor (Onderrig) wend. Ervaring wys dat die gewone student nie so iets maklik sal doen nie. Die Viserektor (Onderrig) kan nie die funksies van 'n taalombudsman verrig nie.
4. Die parallelmedium-opsie word nou sterker gestoot maar terselfdertyd word gesê dit is 'n te duur opsie om werklik konsekwent toegepas te word. Net daardie omgewings waar dit bekostigbaar is, kan dit doen. Moet studente wat geen of weinig Afrikaans ken, nou elke keer eers navraag doen oor die bekostigbaarheid van parallelmedium voordat hulle vir die kursus kan inskryf? Waarom vind die Universiteit van die Vrystaat en Noordwes hulle beleide bekostigbaar maar US vind dit nie bekostigbaar nie? Uitsprake dat dit die Afrikaanssprekende gemeenskap is wat finansieel moet bydra tot 'n fonds vir bekostiging van die parallelmedium-opsie, is ongeldig; die addisionele koste van 'n parallelmedium-benadering word veroorsaak deur die aanbod van lesings in Engels, en die koste daarvan moet desnoods op laasgenoemde gemeenskap afgewentel word.
5. Die argument dat dié vae beleid noodsaaklik is om die eerste vier visiestandpunte van die US te realiseer, hou in die lig van bogenoemde probleme nie stand nie. Die teenargumente is geldig nl dat daar genoeg diversiteit in en deur Afrikaans moontlik is, dat Afrikaans genoeg bewys gelewer het dat hy uitnemendheid kan akkommodeer sonder om Afrikaans daarvoor op te offer en die US se baanrekord van hoe hy uitnemendheid uit die buiteland en uit nie-Afrikaanse geledere op ad hoc-basis kan hanteer, is voldoende teenargumente waaraan die hersiene beleid geen aandag gee nie.
6. Die hersiene beleid is dig gehou tot 16 Oktober. Waarom die haas om dit nou binne drie weke te probeer deurjaag sonder dat daar geleentheid is vir behoorlike oorlegpleging en antwoorde op al die probleme wat geopper word en 'n in-diepte bespreking van alle aspekte van die konsepbeleid? Waarom is so lank met die beleid gesloer as daar gesê word dat behalwe vir die desentralisasie die beleid eintlik nie afwyk van die huidige beleid nie? Die argument dat daar gewag is vir die studente-opname hou nie steek nie want die studente-opname het aangetoon dat 30% van die studente ernstige probleme met die T-opsie het en dat die meerderheid studente kla oor die wyse waarop die T-opsie geïmplementeer word.

7. Die kompleksiteit van die versoening van die vyf visiestellings van die US en die akkommodering van soveel mense met verskillende taalvermoëns word aangevoer as 'n rede waarom so 'n vae beleid ontwikkel moet word. In die werklikheid word die kompleksiteit deur die US self geskep. As hy, soos Noordwes en Vrystaat, 'n duidelike gespesifiseerde beleid het, word die kompleksiteit veel minder van 'n faktor.
8. Die groot kenner van universitêre taalbeleid in Europa, die Switser Francois Grinn van Genève, het in sy navorsing aangetoon dat 'n gedentraliseerde federale beleid die swakste onderrig opsie is. Sonder streng reëls is dit 'n resep vir chaos. Des te meer as dit 'n federale stelsel tussen 'n magtige en 'n klein taal is.
9. Vir die soveelste maal word niks gesê oor hoe die US sy vyfde visiestandpunt oor die bevordering van Afrikaans as onderrig- en wetenskapstaal wil hanteer nie. Dit sal later deur 'n komitee ondersoek word. Dieselfde verhaal word nou al vyf jaar vertel. Waarom is dit vir die US so moeilik om 'n strategie op die tafel te plaas? Is dit dalk 'n subtile sagmaak proses om uitstel afstel te maak?
10. Die hantering van die Vlottenburg-voorstel en die resultate van die Raad se meningsopname onder die studente is onduidelik, en is skynbaar deur die Taal Taakspan totaal geignoreer.

SPESIFIEKE VOORSTELLE VAN DIE UK KONVOKASIE TER WYSIGING VAN DISKUSSIEDOKUMENT TAALBELEID AAN DIE US

1. Ons maatstawe vir beoordeling van die hersiene beleid.

Hierdie sewe maatstawe is gebaseer op die verskillende voorleggings en voorstelle wat die Konvokasie die afgelope vyf jaar aan die Taal Taakgroep en die Taal Taakspan voorgelê het.

1. Is die beleid eerlik, konsekwent en deursigtig? Word niemand om die bos gelei met 'n gaping tussen wat die beleid sê en wat in die praktyk in die klaskamer gebeur nie?
2. Gee dit aan Afrikaans 'n inklusiewe vaste plek op Stellenbosch wat nie deur die Bestuur of enige dosent willekeurig omseil kan word nie?
3. Verseker dit dat Afrikaans voorgaads en nagraads tot sy volle potensiaal sal ontwikkel?
4. Verseker dit dat daar geen voortslepende taalrusies en konflikte op die kampus sal ontstaan nie?
5. Is daar 'n glasheldere en duidelik implementeringsstrategie wat nougeset deurgevoer sal word en nie aan willekeurige interpretasies onderhewig is nie?

6. Watter konkrete en spesifieke aksies loods die US om die vyfde doelstelling van sy visie te verwesenlik?
7. Is daar 'n duidelike en onafhanklike moniteringstelsel om te verseker dat studente en dosente wat oordeel dat die letter en gees van die beleid, strategie en gedragskode nie nagekom word nie, hulle saak kan stel op 'n wyse wat sal verseker dat dit aandag kry sonder dat hulle benadeel word en sonder dat 'n dosent, departementshoof, dekaan of funksionaris dit onder die mat kan in vee?

2. Beginselstandpunte

1. Ons aanvaar die veertien vertrekpunte van die Raad maar beskou daardie vertrekpunte as so wyd dat enige beleid daarbinne geakkommodeer kan word.
2. Ons aanvaar die vyf visiestellings as gelyke visies wat met ewe veel indringende aandag uitgevoer moet word. Ons sien niks in Afrikaans wat in stryd is met daardie vyf visies nie.
3. Ons standpunte het niks met ras of kleur te doen nie. Ons het konkrete voorstelle voorgelê om behoeftige studente wat genoeg Afrikaans ken en oor die nodige vermoë beskik om aan die US te studeer te help en om Afrikaans as wetenskapstaal te bevorder.
4. Die kompleksiteit van die US se taalprobleem wat so sterk opgegee word vir die opstel van 'n lomp en manipuleerbare taalbeleid is 'n skepping van die US self. As die US glo, soos die Konvokasie glo, dat hy visiestandpunte 1 tot 4 doeltreffend deur en in Afrikaans kan nastreef, verval die kompleksiteit.
5. Die behoefte om internasionaal te beweeg en internasionale wetenskaplikes aan die US te ontvang kan op 'n ad hoc-beleid gereël word en daarvoor is 'n lomp en moeilik bestuurbare taalbeleid nie nodig nie. Nagraads is daar groter beweeglikheid ten opsigte van die akkommodering van taal.
6. 'n Duidelike beginselstandpunt dat dosente en studente aan die US, behalwe in spesiale ad hoc uitsonderingsgevalle, Afrikaans en Engels tweetalig moet wees, verwyder veel van die kompleksiteit.
7. Die reg van studente om in Afrikaans hulle volledige onderrig te ontvang, is 'n grondwetlike en 'n internasionaal erkende opvoedkundige reg. Dit berus nie in die eerste plek op US se historiese verbintenisse nie.
8. Die demografie van die Wes-Kaap en van Suid-Afrika as geheel regverdig ten minste een inklusiewe Afrikaanse universiteit in die Wes-Kaap naas drie Engelstalige universiteite.
9. Om 'n taalbeleid te ontwikkel alvorens daar 'n duidelike plan en strategie is van hoe Afrikaans as onderrig- en wetenskapstaal bevorder gaan word, is om die kar voor die perde te span. Eers die ontwikkelingsplan dan die taalbeleid.
10. Daar is twee logiese teenstrydighede in die US se motivering vir sy taalbeleid. Hoe kan jy sê dat jy 'n taal bevorder deur sy gebruik af te skaal en in te perk? Hoe kan jy praat van 'n integrerende beleid terwyl dit in werklikheid 'n desentraliserende beleid is?
11. Die studente se onderrigbehoefte word nêrens die fokuspunt van die plan nie. Dit is net visiepunte 1 tot 4, met die uitskuif van nommer vyf as van 'n laer prioriteit, wat bepalend is. Dit was nog altyd die amptelike US standpunt dat die vyf visiestellings absoluut gelyk is.
12. Die werk van internasionaal erkende taal sosioloë dui daarop dat in enige situasie waar 'n klein taal teen 'n magtige taal te staan kom, die langtermyn

versekering van die swakker taal se posisie net deur duidelike strategiese reëls en voorskrifte vasgelê kan word. As dit nie gebeur nie erodeer die kleiner taal se gebruik geleidelik tot die punt uiteindelik bereik word waar hy tot 'n niksseggende kantlyn bestaan gereduseer is. Vergelyk byvoorbeeld die geskiedenis van Wallies of Iers en Engels. Die federale model van taalbestuur word deur Francois Grinn, die wêreldberoemde Switserse kenner van taalsosiologie, as die swakste moontlike model beskou.

3. Ons oordeel oor die hersiene beleid in die lig van bogenoemde

Ons algemene oordeel is dat die hersiene taalbeleid aan nie van ons sewe maatstawe voldoen nie.

1. Ons vind die beleid wollerig, lukraak en oop vir enige interpretasie en geen verbetering op die vorige nie. Ons sien nie dat daar werklik 'n effektief-bestuurbare en eerlike, reguit en onmanipuleerbare beleid daargestel word nie.
2. Ons is ten gunste van 'n duidelik sentrale oorkoepelende taalplan met voorsiening vir fakultêre implementeringsplanne.
3. Ons is teen die desentralisasie gekant en wil sien dat die daar duidelike reëls en voorskrifte is aan die hand waarvan die Raad voortdurend kan bepaal of die letter en gees van die beleid nagekom word.
4. Daar word geen aandag aan die probleme met die T-opsie gegee nie.
5. Daar word vir geen eenvoudige, oop en doeltreffende stelsel van monitering en die hantering van individuele klagtes voorsiening gemaak nie.
6. Ons vind die afwesigheid van 'n duidelike implementeringsstrategie (taalplan) 'n ernstige verswakking.
7. As gevolg van vae omskrywings word Afrikaans se vaste plek nie eerlik en doeltreffend omskryf nie.
8. Daar word nog eens geen woord gerep oor hoe die US die vyfde visiëstelling in die praktyk wil uitvoer nie.

4. ONS VOORSTELLE TEN OPSIGTE VAN SPESIFIEKE BEPALINGS VAN DIE VOORGESTELDE HERSIENE BELEID.

1. Voeg by die Inleiding die volgende by:
 - Taal is die basis van onderrig en sonder goeie taalkennis kan geen doeltreffende onderrig plaasvind nie.
2. Wysig 2.10 om soos volg te lees:
 - Kragtens die grondwet is Suid-Afrikaners geregtig op moedertaalonderrig van hul keuse. Die US gee bykans 'n eeu lank uitvoering aan hierdie beginsel deur Afrikaans as onderrigtaal aan alle Suid-Afrikaners beskikbaar te stel, en Afrikaans as akademiese- en wetenskapstaal te ontwikkel.
3. Wysig 3.1.2. deur die woord oorwegend weg te laat en dit soos volg te formuleer sodat dit dieselfde lees as 3.2.4:
 - Die onderrigtaal van die US is Afrikaans, maar waar dit nodig, redelik en bekostigbaar is, sal Engels gebruik word binne die voorgeskrewe modelle wat beskikbaar is.

4. Wysig 3.2.6 soos volg:
 - Daar word van studente verwag om oor voldoende akademiese geletterdheid in Afrikaans en Engels, en ander tale wat in bepaalde kursusse benodig word, te beskik. Die universiteit sal daarvoor geletterdheidsgeriewe en ondersteuning verskaf maar die onus rus op die studente om die vereiste peil te bereik.
5. Wysig 4.1.1 in ooreenstemming met punt 3 hierbo om soos volg te lees:
 - Die Universiteit se Taalbeleid skep die moontlikhede om op bepaalde voorgeskrewe wyse en met voldoening aan die voorgeskrewe reëls en bekostigbaarheid Engels, en waar redelik en doenlik isiXhosa, vir onderrig te gebruik.
 - Laat 4.1.2, 3 en 4 weg.
6. Vervang die hele 4.2. met die volgende
 - Die Taalkomitee formuleer 'n oorkoepelende Taalplan vir goedkeuring deur die Senaat en Raad gebaseer op die volgende beginsels:
 - Elke fakulteit stel 'n eie implementeringsplan op wat aan die beginsels van die oorkoepelende Taalbeleid en Taalplan moet voldoen en via die Taalkomitee aan die Senaat en Raad vir goedkeuring voorgelê moet word.
 - Op voorgraadse vlak sal elke fakulteit (uitgesonderd Krygskunde) se totale geweegde Afrikaanse inhoud nie minder as 75% wees nie. Hiervoor word die T-opsie as 50% Afrikaanse inhoud geag en die A/E opsie (modules) wat parallel- of deur deurlopende tolkdienste aangebied kan word, as volwaardig Afrikaans geag. E-opsies se Afrikaanse inhoud is 0%. Departemente binne 'n fakulteit sou van hierdie norm kon afwyk so lank as wat die fakulteit as geheel aan die norm voldoen.
7. Wysig 4.5. in ooreenstemming met 3.1.2 en 3.2.4 :
 - Die taal van die Universiteit is Afrikaans, maar waar wat dit redelik, doenlik en bekostigbaar is, word ook Engels en isiXhosa gebruik.
8. Voeg by 5.5.2 'n nuwe punt 8 en maak punt 8 punt 9:
 - Een verteenwoordiger deur die President van die Konvokasie benoem.
9. Voeg 'n nuwe 5.5.5 in wat soos volg lui:
 - Die Raad stel 'n taalombudsman aan wat in die Studentesentrum geplaas word om alle taalklagtes en taalbehoefte van studente en dosente te hanteer. Die Taalombudsman rapporteer regstreeks aan die Viserektor (Onderrig) wat weer die klagtes onder die Raad se aandag bring.

Goedgekeur deur die UK van die Konvokasie op sy vergadering van 25 Oktober 2007.

Pieter Kapp
President
25.10.2007